
SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOERBEREIDENDE EKSAMEN

# 2023

| |
|---|
| **10791** |
| **GESKIEDENIS** |
| **(VRAESTEL 1)** |

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 150**

GESKIEDENIS V1

10791A

**9 bladsye + 'n addendum van 14 bladsye**

X05

'Die addendum is by hierdie vraestel ingesluit.

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA 1970's TOT 1980's

   VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE AMERIKAANSE BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE - VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

   VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet ʼn brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Wanneer vrae beantwoord word, moet kandidate hul kennis, vaardighede en insig toepas.

6. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

7. ʼn Blote herskryf van die bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.

8. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM gevind word.

**VRAAG 1: HOE HET DIE WESTERSE MAGTE BRITTANJE, FRANKRYK EN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN 1948 OP DIE BERLYNSE BLOKKADE GEREAGEER?**

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Raadpleeg Bron 1A.

1.1.1 Noem, volgens die bron, die VIER lande wat Duitsland ná die Tweede Wêreldoorlog beset het. (4 x 1) (4)

1.1.2 Identifiseer enige TWEE tipes reparasies wat die Sowjetunie van Duitsland geëis het. (2 x 1) (2)

1.1.3 Definieer die konsep *reparasies* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.4 Hoe het die volgende supermoondhede in die konteks van die Koue Oorlog beoog om hul verskillende sektore in Duitsland te regeer?

(a) Die VSA (1 x 2) (2)

(b) Die Sowjetunie (1 x 2) (2)

1.1.5 Lewer kommentaar oor wat geïmpliseer word deur die stelling ... 'die wêreld het gewag om te sien of die Verenigde State en die Sowjetunie slaags sou raak', in die konteks van die Berlyn Blokkade in 1948. (1 x 2) (2)

1.2 Gebruik Bron 1B.

1.2.1 Lys TWEE kabinetslede uit die bron wat geglo het dat 'n lugbrug uitgesluit moet word as 'n lewensvatbare opsie teen die blokkade. (2 x 1) (2)

1.2.2 Verduidelik die term *blokkade* in die konteks van die Berlynse krisis. (1 x 2) (2)

1.2.3 Identifiseer, uit die bron, die operasie wat deur Generaal Clay in Junie 1948 begin is. (1 x 2) (2)

1.2.4 Hoekom dink jy het lugbemanning van Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika by Britse vliegtuie in die lugbrug aangesluit? (1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3 Verwys na Bron 1C.

1.3.1 Wat is die boodskappe wat deur die spotprent oorgedra word? (2 x 2) (4)

1.3.2 Lewer kommentaar oor die beperkings van hierdie bron vir 'n historikus wat die Berlynse Lugbrug in 1948 navors. (2 x 2) (4)

1.4 Bestudeer Bronne 1B en 1C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die bewyse in Bron 1C ondersteun aangaande die bystand wat Westerse moondhede aan Wes-Berlyn tydens die Berlynse Lugbrug verleen het. (2 x 2) (4)

1.5 Lees Bron 1D.

1.5.1 Wat, volgens die bron, was die uitdagings wat Wes-Berlyners tydens die Berlynse Lugbrug in die gesig gestaar het? (2 x 1) (2)

1.5.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom die Sowjetunie die blokkade in Mei 1949 beëindig het. (1 x 2) (2)

1.5.3 Lewer kommentaar oor die rede waarom Europese lande die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) gevorm het. (1 x 2) (2)

1.5.4 Verduidelik hoe Wes-Berlyn by die Marshall-plan baat gevind het. (1 x 2) (2)

1.6 Gebruik die inligting uit die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Westerse magte Brittanje, Frankryk en die Verenigde State van Amerika in 1948 op die Sowjet-blokkade van Berlyn gereageer het. (8)

**[50]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 2: HOE HET DIE SOWJETUNIE BINNE DIE KONTEKS VAN DIE KOUE OORLOG TOT DIE BURGEROORLOG IN ANGOLA BYGEDRA?

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Bestudeer Bron 2A.

2.1.1 Noem die TWEE supermoondhede wat by die gevolmagtigde oorlog in Angola betrokke was. (2 x 1) (2)

2.1.2 Lys TWEE hulpbronne, volgens die bron, waaraan Angola besonder ryk was. (2 x 1) (2)

2.1.3 Definieer die konsep *Marxisme* in die konteks van die Burgeroorlog in Angola. (1 x 2) (2)

2.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom die VSA en Suid-Afrika UNITA befonds het. (2 x 2) (4)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Identifiseer DRIE doelwitte uit die bron wat die USSR in die streek wou bereik. (3 x 1) (3)

2.2.2 Hoe sou die Sowjet-teenwoordigheid en -invloed in Angola die USSR bevoordeel? (2 x 1) (2)

2.2.3 Gebruik die bron asook jou eie kennis en lewer kommentaar op die stelling dat die Sowjet-teenwoordigheid in Angola " ŉ duidelike gevaar vir die oorblywende wit minderheidsregimes in Suider-Afrika inhou." (1 x 2) (2)

2.2.4 Hoekom, dink jy, sou toegang tot Angola se natuurlike hulpbronne die USSR bevoordeel het? (1 x 2) (2)

2.2.5 Wat is die beperkings van hierdie bron vir 'n historikus wat die Burgeroorlog in Angola navors? (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.3 Bestudeer Bron 2C.

2.3.1 Wie, volgens die bron, was die hoof van die eerste groep Sowjet-militêre adviseurs wat van Moskou aangekom het? (1 x 1) (1)

2.3.2 Verskaf TWEE redes uit die bron waarom die Sowjette na Angola gekom het. (2 x 1) (2)

2.3.3 Gebruik jou eie woorde en verduidelik die konsep *burgeroorlog*. (1 x 2) (2)

2.3.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die MPLA opleiding en ander ondersteuning van die USSR nodig gehad het. (2 x 2) (4)

2.4 Verwys na Bron 2D.

2.4.1 Verduidelik watter boodskappe die foto oordra oor die USSR se rol in die Angolese Burgeroorlog. Gebruik visuele leidrade uit die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

2.4.2 Lewer kommentaar op wat die foto ons vertel oor die verhouding tussen die USSR en die soldate van die MPLA. (1 x 2) (2)

2.5 Vergelyk Bron 2C en Bron 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2C dié in Bron 2D ondersteun rakende die betrokkenheid van die USSR by die Angolese Burgeroorlog. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) en verduidelik hoe die Sowjetunie bygedra het tot die Burgeroorlog in Angola binne die konteks van die Koue Oorlog. (8)

**[50]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za

MAAK ASSEBLIEF HIERDIE 14-BLADSY ADDENDUM LOS

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2023

**10791**

**GESKIEDENIS**

**(VRAESTEL 1)**

**ADDENDUM**

**14 bladsye**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 1: HOE HET DIE WESTERSE MAGTE BRITTANJE, FRANKRYK EN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN 1948 OP DIE BERLYNSE BLOKKADE GEREAGEER?**

**BRON 1A**

Die bron hieronder fokus op die verdeling van Duitsland en verduidelik hoe die Berlynse Blokkade die voorsiening van basiese behoeftes deur die Westerse bondgenote na Wes-Berlyn in 1948 verhoed het.

Ná die Tweede Wêreldoorlog is Duitsland in besettingsones verdeel. Die Verenigde State, Groot-Brittanje, die Sowjetunie en, uiteindelik, Frankryk, is spesifieke sones gegee om te beset waarin hulle die Nazi-magte se oorgawe moes aanvaar en orde herstel. Die Sowjetunie het die grootste deel van Oos-Duitsland beset, terwyl die ander Geallieerde nasies Wes-Duitsland beset het. Die Duitse hoofstad Berlyn is soortgelyk in vier besettingsones verdeel. Byna onmiddellik het verskille tussen die Verenigde State en die Sowjetunie opgeduik. Die Sowjetunie het groot reparasies van Duitsland gesoek in die vorm van geld, industriële toerusting en hulpbronne. Die Russe het dit ook duidelik gemaak dat hulle ŉ neutrale en ontwapende Duitsland verlang.

Die Verenigde State het dinge op ŉ heel ander manier gesien. Amerikaanse amptenare het geglo dat die ekonomiese herstel van Wes-Europa afhanklik was van ŉ sterk, herenigde Duitsland. Hulle het ook gevoel dat slegs ŉ herbewapende Duitsland as ŉ bolwerk (verdedigingsmuur) teen Sowjet-uitbreiding na Wes-Europa kon staan. In Mei 1946, het die Amerikaners die versending van reparasies vanaf hul sone na die Sowjette gestaak. In Desember het die Britte en Amerikaners hul sones gekombineer; die Franse het ŉ paar maande later aangesluit. Die Sowjetunie het hierdie optrede as ŉ bedreiging beskou en het meer eise vir seggenskap in die ekonomiese toekoms van Duitsland gestel. Op 22 Junie 1948 het onderhandelinge tussen die Sowjetunie, die Amerikaners en die Britte afgebreek. Op 24 Junie 1948 het Sowjetmagte die paaie en spoorlyne na Wes-Berlyn versper.

Amerikaanse amptenare was woedend, en sommige in die administrasie van President Harry S. Truman het aangevoer dat die tyd vir diplomasie met die Sowjetunie verby was. Vir ŉ paar gespanne dae het die wêreld gewag om te sien of die Verenigde State en die Sowjetunie slaags sou raak. In Wes-Berlyn het paniek begin intree toe die bevolking bekommerd geraak het oor tekorte aan voedsel, water en mediese versorging. Die reaksie van die Verenigde State het gekom net twee dae nadat die Sowjetunie met hul blokkade begin het.

**[Uit: https://www.trumanlibrary.gov.education/presidential-inquiries/blockade-berlin#background Toegang op 20 Januarie 2023 verkry.]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 1B**

Die bron hieronder is ŉ uittreksel uit ŉ boek getiteld '*Daring Young Men: Heroism and Triumph of the Berlin Airlift*' (*Waaghalsige Jong Mans: Heldedade en Triomfering tydens die Berlynse Lugbrug*) geskryf deur Richard Reeves, ŉ Amerikaanse skrywer. Dit fokus op hoe die Verenigde State van Amerika en sy bondgenote gereageer het op die Berlynse Blokkade wat Stalin in 1948 opgelê het.

Op Maandag 28 Junie 1948, gekonfronteer met die realiteit van die Sowjet-blokkade van Berlyn, het President Truman verskeie sleutelkabinetslede ingeroep in die hoop om die kwessie in sy eie gedagtes op te klaar. Hy het om die beurt na elkeen geluister om die diepte van hul toewyding te peil (te ondersoek). Die Minister van Verdediging James Forrestal, Weermaghoof Kenneth Royall, en die Adjunk Minister van Buitelandse Sake Robert Lovett het almal geglo dat die idee van ŉ lugbrug as ŉ lewensvatbare opsie buite rekening gelaat moet word. Onttrekking uit die stad blyk die enigste haalbare opsie te wees. Na ŉ oomblik van oorweging het die president eenvoudig met ŉ vasberade stem gesê: "Ons bly in Berlyn."

Generaal Lucius Clay, die Amerikaanse militêre goewerneur in Duitsland, het sy mening aan weermaghoof Royall gegee, "Dit is belangrik om te besluit presies hoe ver ons, oorlog uitgesluit sal gaan om in Berlyn te bly. Ons dink dit is uiters belangrik om te bly." Generaal Clay, met die goedkeuring van die President, het op 25 Junie 1948 die opdrag gegee om "Operasie Vittles" te begin. Binne ŉ dag het 32 C-47 'Skytrains' van die Amerikaanse lugmag vertrek, met 80 ton vrag wat medisyne, melk en meel vir die verligting van Berlyn ingesluit het.

Teen 28 Junie sou Britse vliegtuie by die lugbrug aansluit, asook ander van Frankryk en Kanada, asook lugbemanning van Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika. Aanvanklik het C-47's die las gedra, maar hul vragkapasiteit van slegs 3,5 ton het aanvulling (vergroting) deur groter vliegtuie soos die C-54 'Skytrain' benodig. Teen die einde van Augustus 1948 het meer as 1 500 vlugte per dag meer as 4 500 ton benodigde voorrade gelewer.

Teen September is al die C-47's vervang deur die Amerikaanse lugmag en Amerikaanse vloot C-54's wat die vragkapasiteit tot 5 000 ton daagliks verbeter het. Dit het die totale daaglikse behoefte tot 6 000 ton verhoog. Om die verhoogde aantal vlugte en vliegtuie te akkommodeer, is ŉ bykomende asfalt-aanloopbaan by Tempelhof bygevoeg. Die Franse het ook bygedra deur ŉ nuwe vliegveld by Lake Tegel in hul sektor te bou om die bykomende lugverkeer te help bestuur. Die Westerse Geallieerdes se onderneming was besig om bewys te word.

**[Uit: *Daring Young Men: Heroism and Triumph of the Berlin Airlift* deur Richard Reeves]**


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 1C**

Die spotprent hieronder is geteken deur 'n Britse spotprenttekenaar, Ernest Howard Shepard. Dit het in die Britse tydskrif, *Punch,* verskyn. Dit beeld Stalin se pogings uit om 'n einde te maak aan die Berlynse Lugbrug, geskep deur die Westerse Geallieerdes, wat in 1948 voorrade na Wes-Berlyn gebring het.




**[Uit: https://www.nationalcoldwarexhibition.org/schools-colleges/national-curriculum/berlin-airlift/consequences.aspx Toegang op 20 Januarie 2023 verkry.]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 1D**

Die bron hieronder skets die resultaat van die Berlynse Lugbrug. Dit beklemtoon ook hoe die Westerse Bondgenote ŉ militêre alliansie, die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) gevorm het.

Ten spyte van die lugbrug, het mense wat in Wes-Berlyn gewoon het, veral gedurende die wintermaande, nie ŉ maklike tyd gehad nie. Daar was drastiese kragonderbrekings, kos was streng gerantsoeneer en vars groente was skaars. Materieel het dit gelyk asof min sedert die einde van die oorlog verander het, maar in werklikheid het die Berlynse Lugbrug historiese verandering teweeggebring. Die lugbrug het die verhouding tussen die lede van die Geallieerde Besetting en die mense van Wes-Berlyn en by implikasie die mense van Wes-Duitsland verander. Wat ook al die politici geglo het, die soldate en vlieëniers van die Geallieerde magte het die lugbrug as ŉ humanitêre missie beskou.

Op 12 Mei 1949, het die Sowjetunie die blokkade opgehef. Die lugbrug het egter vir ŉ verdere vier maande aangehou sodat voorraad opgebou kon word indien die blokkade weer ingestel sou word. Die Sowjet-voorneme om Wes-Berlyn 'uit te honger' het misluk en is deur baie as ŉ morele nederlaag beskou. Op 4 April 1949 is die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) gestig waarin die VSA, Kanada en die meeste nie-kommunistiese Europese lande hulself verbind het tot wedersydse bystand in geval van buitelandse aggressie.

Na die opheffing van die blokkade het politieke betrekkinge meer en meer verdeeld geraak. Die Westerse sektor het voortgegaan om te floreer as gevolg van 'Marshall-hulp' en die ekonomiese gaping tussen Oos en Wes was baie duidelik in Berlyn. Elke dag het groot getalle geskoolde werkers en professionele persone van Oos- tot Wes-Berlyn gependel. Omdat hulle gesien het wat in die Weste aangebied word in terme van indiensneming, lone en die lewenstandaard, het baie besluit om na Wes-Berlyn te verhuis.

Teen die middel van 1961 het soveel as 30 000 Oos-Duitsers per maand na die Weste verhuis. Die Oos-Duitse regering moes optree om hierdie vloei te stuit, want dit was juis die mense wat hulle nie kon bekostig om te verloor nie. Daar is gemeen dat die voortbestaan van Oos-Duitsland bedreig was en dus was die regering se oplossing vir hierdie probleem om die Berlynse Muur te bou.

**[Uit: https://www.nationalcoldwarexhibition.org/schools-colleges/national-curriculum/berlin-airlift/consequences.aspx Toegang op 20 Januarie 2023 verkry.]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 2: HOE HET DIE SOWJETUNIE BINNE DIE KONTEKS VAN DIE KOUE OORLOG TOT DIE BURGEROORLOG IN ANGOLA BYGEDRA?**

**BRON 2A**

Die bron hieronder bespreek die redes vir die betrokkenheid van buitelandse moondhede in die Angolese Burgeroorlog in die 1970's.

Die Angolese Burgeroorlog, wat begin het ten tyde van die land se onafhanklikheid van Portugal in 1975, was ŉ stryd van 27 jaar wat die dood van meer as 500 000 soldate en burgerlikes behels het. Geïnisieer tydens die hoogtepunt van die Koue Oorlog, het pro- en antikommunistiese magte in Angola die weg gebaan vir ŉ gevolmagtigde oorlog tussen die Verenigde State en die Unie van die Sosialistiese Sowjetrepublieke (USSR).

Ryk aan hulpbronne, veral diamante en olie, was Angola een van die laaste Afrika-lande wat onafhanklikheid van ŉ Europese moondheid ontvang het. Die gekombineerde magte van die Populêre Beweging vir die Bevryding van Angola (MPLA), die Nasionale Front vir die Bevryding van Angola (FNLA) en die Nasionale Unie vir Totale Onafhanklikheid van Angola (UNITA) het ŉ oorgangsregering geskep met die Alvor-ooreenkoms van 1974.

Binne ŉ jaar het die regering gedisintegreer, en met hulp van die USSR en die Kubaanse weermag het die Marxisties-georiënteerde MPLA onder leiding van José dos Santos beheer oor die grootste deel van Angola met geweld oorgeneem. Indirek en deur gevolmagtigdes, het die Verenigde State en Suid-Afrika UNITA gefinansier deur ammunisie, intelligensieverslae en huursoldate te verskaf.

Alhoewel ŉ land ryk aan natuurlike hulpbronne, was Angola ekonomies en polities verwoes met weghol-inflasie van die land se geldeenheid (die *kwanza*), ŉ nasionale krisis van geamputeerdes as gevolg van die miljoene landmyne, en politieke uitval van die miljoene vlugtelinge wat as gevolg van die gevegte verplaas is.

**[Uit: https://www.blackpast.org/global-african-history/angolan-civil-war-1975-2002/ Toegang op 6 Januarie 2023 verkry.]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 2B**

Die volgende uittreksel is uit 'n geheime verslag deur die Amerikaanse Verdedigingsintelligensie-agentskap in 1976 geskryf. Dit verduidelik die redes waarom die USSR homself by die Angolese Burgeroorlog betrek het.

Sowjet-militêre betrokkenheid in Afrika is die resultaat van Moskou se langtermynbeleid om toegang tot strategiese militêre fasiliteite te verkry, 'n toename in Sowjet-politieke invloed om die Weste te ondermyn en om toegang tot grondstowwe te verkry. Verder word hierdie doelwitte met 'n mate van sukses bereik teen 'n relatief lae koste in terme van Sowjet-geld, -materiaal en mannekrag.

Die USSR ondersteun aktief die Volksbeweging vir die Bevryding van Angola (MPLA)-magte in die Angolese burgeroorlog. As deel van hierdie poging het sowat 44 Sowjet-vliegtuigaflewerings sedert 1 November plaasgevind. Daarbenewens het ten minste nege Sowjet-skepe aansienlike hoeveelhede wapens en toerusting afgelewer.

Sowjet-teenwoordigheid en -invloed in Angola sal nie net die USSR toelaat om belangrike kommunikasielyne te bedreig en toegang tot 'n rykdom van natuurlike hulpbronne te verkry nie, maar sal ook 'n basis vir die Sowjetunie vestig, wat 'n duidelike gevaar vir die oorblywende wit minderheidsregimes in Suidelike Afrika inhou. Die gebruik van Angolese fasiliteite sal Moskou se strategiese posisie verbeter en 'n Sowjet-teenwoordigheid in die Suid-Atlantiese Oseaan vestig.

Sowjet-betrokkenheid in sub-Sahara Afrika was nie 'n volslae sukses nie. Sowjet-aktiwiteite is dikwels gekenmerk deur onsensitiewe hantering van Afrikane, beide op die vasteland en in die USSR.

Die Sowjetunie het dikwels 'n negatiewe beeld geprojekteer wat steeds veroorsaak dat verskeie groot Afrika-leiers hulle motiewe wantrou. Moskou is ietwat bewus van hierdie gebreke, en sy onlangse aktiwiteite het groter professionaliteit, 'n gevoel van dringendheid en 'n groeiende militêre teenwoordigheid weerspieël. Meer as 2 000 Sowjet-militêre adviseurs is in swart Afrika-lande. Kuba, die USSR se bondgenoot en gevolmagtigde, het ook 7 900 adviseurs en troepe in swart Afrika, hoofsaaklik in die Angolese gebied.

**[Uit: https://2001-2009.state.gov/documents/organization/66719.pdf. Toegang op 6 Januarie 2023 verkry.]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 2C**

Die volgende bron, uit 'n artikel geskryf deur 'n Russiese historikus, Vladimir Shubin, beskryf die betrokkenheid van die USSR by die verskaffing van militêre adviseurs en toerusting aan die Populêre Beweging vir die Bevryding van Angola (MPLA).

Sowjet-adviseurs was reeds in Augustus 1975 in Angola teenwoordig. Dit was 1 November 1975 toe die eerste groep Sowjet-militêre raadgewers, onder leiding van kaptein Evgeny Lyashchenko, van Moskou aangekom het. Sy missie was suiwer tegnies en verdedigend: om Angolese op te lei.

Volgens die Angolese generaal, Roberto Ngongo, het die Sowjette na Angola gekom "om in militêre skole en akademies onderrig te gee en ons vaste eenhede op te lei", terwyl Angolese militêre opleiding in die Sowjetunie ondergaan het. Volgens die Moskouse Instituut vir Militêre Geskiedenis, het 10 985 Sowjet-militêre adviseurs en spesialiste van die Sowjet-leër en -vloot tot 1 Januarie 1991 opleiding aan MPLA-soldate verskaf, en 6 985 Angolese is opgelei in Sowjet/Russiese "militêre opvoedkundige instellings". Wat militêre voorrade betref, het dit volgens Sowjet-argiewe 3,7 miljard roebels van 1976 tot 1989 beloop en wapens vir 600 miljoen roebels is in 1989 – 1990 afgelewer.

Die Sowjette het, benewens die hulp van die MPLA, saam met die Kubane in Angola gewerk: Oor 'n tydperk van 15 jaar was daar samewerking tussen die Sowjet- en Kubaanse weermag in Angola. Elke Sowjet-veteraan van die Angolese Burgeroorlog beklemtoon die warmte van hierdie verhouding. Fidel Castro het verklaar dat 'groot respek en sterk gevoelens van solidariteit altyd tussen die Kubaanse en Sowjet-weermagte geheers het'.

**[Uit: https://centri.unibo.it/cedsspamo/it/pubblicazioni/occasional-papers/shubin. Toegang op 8 Januarie 2023 verkry.]**


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 2D**

Die volgende visuele bron is 'n foto van 'n vroulike Sowjet-militêre adviseur/instrukteur, Tatyana Davydova, van die USSR saam met 'n MPLA-soldaat in die 1970's.




**[Uit: http://www.veteranangola.ru/upload/1318915011. Toegang op 12 Januarie 2023 verkry.]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 3: HOE HET DIE MONTGOMERY-BUSBOIKOT GEDURENDE DIE 1950's DIE BURGERREGTEBEWEGING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA SUKSESVOL VERSTERK?**

**BRON 3A**

Die uittreksel hieronder verduidelik die redes waarom die burgerregte-aktiviste die Montgomery-busboikot van 5 Desember 1955 georganiseer het, na die arrestasie van Rosa Parks wat geweier het om ŉ sitplek vir ŉ wit buspassasier prys te gee.

In 1955, in Montgomery, Alabama, het Rosa Parks stilweg ŉ rewolusie aangehits (aangemoedig) – deur net te gaan sit. Sy het op die bus geklim vir die rit huis toe en in die vyfde ry gaan sit. Die Montgomery-busbestuurder, James Blake, het Parks en drie ander Afro-Amerikaners wat naby gesit het, beveel om na die agterkant van die bus te beweeg. Drie ryers het voldoen, Parks nie.

Die praktyk van 'gereserveerde sitplekke' het ŉ uiterste vernedering geword. Indien die eerste tien sitplekke ooit deur die wit ryers ingeneem is, moes swart ryers wat die sitplekke langs hulle beset het, opstaan indien meer blankes sou opklim. Die nommer tien het ŉ verdoemende (aanstootlike) syfer geword. Óf die nommer tien na die tien gereserveerde sitplekke op die bus óf in ŉ teater verwys het, het dit slegte geluk aangedui.

Eerwaarde Martin Luther King Jr. en sy kollega Ralph Abernathy, ŉ getroue aanhanger van geweldloosheid, was deel van ŉ gemeenskapsorganisasie, die Montgomery Verbeteringsassosiasie (*Montgomery Improvement Association)* (MIA), wat die Montgomery-busboikot georganiseer het. Hulle eise was eenvoudig: Swart passasiers moet met hoflikheid behandel word; sitplekke moet toegeken (toegewys) word op ŉ eerste-kom-eerste-bedien-basis en Afro-Amerikaanse bestuurders moet roetes ry wat hoofsaaklik Afro-Amerikaners bedien.

Op Maandag, 5 Desember 1955, het die boikot in werking getree. Die MIA het gehoop op ŉ steunkoers van 50 persent onder Afro-Amerikaners, maar tot hul verbasing en vreugde het 99 persent van die stad se Afro-Amerikaners geweier om met die busse te ry. Mense het werk toe gestap, met hul fietse gery en saamrygroepe is gestig om bejaardes te help.

**[Uit: *The Montgomery bus boycott and the woman who started it – The Memoir of Jo Ann Gibson Robinson* deur D.A. Garrow.]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 3B**

Die artikel hieronder het op 15 Desember 1955 in die *Montgomery Adviser*-koerant verskyn, getiteld 'Groep beveel gereserveerde sitplekke vir 2 rasse op stadsbusdienste aan'. Dit verduidelik waarom Eerwaarde Martin Luther King Jr. die burgerregte-aktiviste aangemoedig het om met die Montgomery-stadsbusboikot voort te gaan.

Wit lede van ŉ tweerassige komitee is aangestel om die *negers*boikot van stadsbusse te probeer oplos. Hulle het ŉ verslag aan die burgemeester van Montgomery, W.A. Gayle, oorhandig. Die wit lede van die komitee het aanbeveel dat daar ŉ ruimte op die bus vir wit passasiers gereserveer moes word en ŉ ruimte vir negerpassasiers. Tweedens moes duidelike tekens geplaas word op die sitplekke van alle afdelings wat gereserveer is vir die wit passasiers en die negerpassasiers op busse.

Wit lede van die komitee het verduidelik dat hul aanbevelings geen daad van onbeleefdheid aan die kant van werknemers van die maatskappy teenoor klante van enige ras goedkeur nie. Hulle het ook gehoop dat beide werknemers en klante tot die volle mate sou saamwerk om voorvalle te voorkom wat spanning in die stad kon skep. Hulle het verder verduidelik dat die wette van Alabama en die Kode van die Stad Montgomery spesifiek bepaal dat die gereserveerde sitplekke van passasiers in die bus vir elke ras bedoel was om die gemiddelde kliënte van elke ras te beskerm. "Op hierdie manier," het die verslag bygevoeg, "geld dieselfde beleid vir wit en negerpassasiers gelyk en voldoen dit aan al die vereistes van gelyke voorregte en ons het geen gesag om óf die gees óf die letter van die wet tot niet te maak of te omseil (systap) nie.'

Die burgerregte-aktiviste onder leiding van Eerwaarde Martin Luther King jr. het nie die verslag onderteken nie. Hulle het twee keer met die wit lede van die tweerassige komitee vergader in ŉ onsuksesvolle poging om die boikot te beëindig. "Ons het aanhoudend gereserveerde afdelings op die busse teengestaan, die busprotes is steeds aan die gang, en dit sal voortduur totdat ons voorstelle simpatiek hanteer word."

**[Uit: https://www.montgomeryadvertiser.com/story/news/2018/12/04/montgomery-bus-boycott-how-did-white-newspapers-cover-civil-rights-movement/2197482002. Toegang op 09 Januarie 2023 verkry.]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 3C**

Die pamflet hieronder is 'n lidmaatskap-appèl aan wit segregasioniste in die Montgomery-gemeenskap, versprei deur 'n plaaslike groep van die Wit Burgerraad *(White Citizens Council)* (WCC) in Montgomery. Die ledetal het van 100 tot 14 000 lede aan die einde van die Montgomery-busboikot, in 1956 gestyg.

**WIT BURGERS**
VAN SENTRAAL ALABAMA

**VERENIG TER ONDERSTEUNING**
VAN JULLE

**SENTRAAL ALABAMA BURGERRAAD**

*wat toegewy is aan die*

**BEHOUD VAN** { **SEGREGASIE / VREDE / ORDE / KALMTE TUIS** } **IN ONS STAAT**

**EN**

**BEWARING VAN ONS STAATSREGTE**
op
**VREEDSAME EN WETTIGE WYSE**
Sentraal Alabama Burgerraad Posbus 2563

OORWEEG ASSEBLIEF MY LIDMAATSKAP

NAAM ……………………………………………………………

ADRES ……………………………………………………………

TELEFOON ……………………………………………………………

Jaarlikse ledegeld $3,50. Skenkings aanvaar met of sonder lidmaatskap.

**[Uit: https://www.thehenryford.org/collections-and-research/digital-collections/artifact/370325#slide=gs-234662. Toegang op 09 Januarie 2023 verkry ]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 3D**

Die volgende bron, geskryf deur Warren Brown, getiteld '*Motorvoertuie Speel Rol in Lang Rit na Vryheid*, het op 5 September 2004 in die *Washington Post*-koerant verskyn. Dit verduidelik hoe die Montgomery-busboikot in 1955 kon misluk het as die kerke nie die gebruik van private motors om die Afro-Amerikaners in die stad te vervoer, aangemoedig het nie.

Tydens daardie boikot het swartes persoonlike motors gebruik om ŉ 'private taxi'-stelsel te skep. Hulle het ritte gedeel, mekaar na die werk, skool toe en na kerke vervoer. Swart kerke het stasiewaens gekoop om die 'private taxi'-operasie te help ondersteun.

Die Montgomery-polisie het gereageer deur swart bestuurders na goeddunke te beboet, veral as hulle passasiers vervoer het. Die boikot kon heel moontlik misluk het sonder kerk-aangedrewe stasiewaens bekend as 'rollende kerke' wat mense by aangewese optelpunte ontmoet het. Taxi's en privaat motors in swart besit is vinnig in ŉ stelsel van alternatiewe vervoer georganiseer. Die boikotters het volgehou deur hul private motors te gebruik en het beide die busse en die middestadsakeondernemings in gesegregeerde Montgomery vermy.

Uiteindelik, op 23 November 1956, het die Hooggeregshof ten gunste van die Afro-Amerikaners beslis deur te verklaar dat die gesegregeerde busse ongrondwetlik was. Stadsamptenare het onwillig ingestem om aan die hofuitspraak gehoor te gee. Die swart gemeenskap van Montgomery het by hul besluit volstaan. Swartes het op 21 Desember 1956 na die stad se busse teruggekeer. Hulle het ŉ lang pad na vryheid begin, wat gelei het tot ŉ dekade lange Burgerregtebeweging wat gelei het tot die dood van die Jim Crow-wette, die opkoms van die Vrouebevrydingsbeweging en die geboorte van ander burgerregtestryde in Amerika en in die buiteland.

Die Montgomery-busboikot het ŉ vuurstorm in die suide van Amerika veroorsaak, swartes het geweier om na die 'agterkant van die bus te beweeg.' Soortgelyke optrede het in ander stede opgevlam. Die boikot het Eerwaarde Martin Luther King jr. in die nasionale kollig geplaas. Hy het die erkende leier van die ontluikende (belowende) Burgerregtebeweging geword.

**[Uit: https://www.washingtonpost.com/wp-dyn/articles/A59640-2004Sep3.html?nav%3Dlb. Toegang op 09 Januarie 2023 verkry.]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**ERKENNINGS**

http://www.veteranangola.ru/upload/1318915011

https://2001-2009.state.gov/documents/organization/66719.pdf

https://centri.unibo.it/cedsspamo/it/pubblicazioni/occasional-papers/shubin

https://www.blackpast.org/global-african-history/angolan-civil-war-1975-2002/

https://www.montgomeryadvertiser.com/story/news/2018/12/04/montgomery-bus-boycott-how-did-white-newspapers-cover-civil-rights-movement/2197482002

https://www.nationalcoldwarexhibition.org/schools-colleges/national-curriculum/berlin-airlift/consequences.aspx

https://www.nationalcoldwarexhibition.org/schools-colleges/national-curriculum/berlin-airlift/consequences.aspx

https://www.thehenryford.org/collections-and-research/digital-collections/artifact/370325#slide=gs-234662

https://www.trumanlibrary.gov.education/presidential-inquiries/blockade-berlin#background

https://www.washingtonpost.com/wp-dyn/articles/A59640-2004Sep3.html?nav%3Dlb

Daring Young Men: Heroism and Triumph of the Berlin Airlift by Richard Reeves

*The Montgomery bus boycott and the woman who started it – The Memoir of Jo Ann Gibson Robinson* by D.A. Garrow

EINDE

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 3: HOE HET DIE MONTGOMERY-BUSBOIKOT GEDURENDE DIE 1950'S DIE BURGERREGTEBEWEGING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA SUKSESVOL VERSTERK?**

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Definieer die term *rewolusie* in die konteks van die Montgomery-busboikot. (1 x 2) (2)

3.1.2 Hoekom dink jy het Rosa Parks geweier om na die agterkant van die bus te beweeg soos die busbestuurder beveel het? (1 x 2) (2)

3.1.3 Lewer kommentaar op die implikasie van die stelling, 'die nommer tien het 'n verdoemende (aanstootlike) getal geword' in die konteks van segregasie. (1 x 2) (2)

3.1.4 Gebruik die bron en lys DRIE eise van die Montgomery Verbeterings-assosiasie (MIA) wat verantwoordelik was vir die organisasie van die Montgomery-busboikot. (3 x 1) (3)

3.1.5 Haal bewyse uit die bron aan wat toon dat die boikot goed deur Afro-Amerikaners ondersteun is. (1 x 2) (2)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Wat, volgens die bron, het die wit lede van 'n tweerassige komitee aanbeveel as die oplossing vir die Afro-Amerikaanse boikot van stadsbusse? (2 x 1) (2)

3.2.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom die wit lede in die komitee segregasie op openbare busse verdedig het. (1 x 2) (2)

3.2.3 Definieer die term *boikot* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.3 Bestudeer Bronne 3A en 3B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3A verskil van die bewyse in Bron 3B, met betrekking tot die rasreservering van sitplekke in die Montgomery openbare busse gedurende die 1950's. (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.4 Gebruik Bron 3C.

3.4.1 Identifiseer VIER doelwitte waaraan die wit raad in Sentraal-Alabama toegewy was. (4 x 1) (4)

3.4.2 Verduidelik die boodskappe wat deur die pamflet oorgedra word om die Sentraal-Alabama-burgers te werf om segregasie in Montgomery te handhaaf. (2 x 2) (4)

3.4.3 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van die bron vir 'n historikus wat die reaksies van segregasioniste op die Montgomery-busboikot navors. (2 x 2) (4)

3.5 Raadpleeg Bron 3D.

3.5.1 Hoe, volgens die bron, het swartes tydens die Montgomery-busboikot gereis? (3 x 1) (3)

3.5.2 Gebruik die bron en jou eie kennis om kommentaar te lewer oor die impak wat die boikot op busmaatskappye in Montgomery gehad het. (1 x 2) (2)

3.5.3 Hoekom dink jy het die Hooggeregshof die segregasie van die busse as ongrondwetlik verklaar? (1 x 2) (2)

3.5.4 Hoekom dink jy is Martin Luther King Jr, as die leier van die Burgerregtebeweging ná die Montgomery-busboikot erken? (1 x 2) (2)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis om 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) te skryf waarin jy verduidelik hoe die Montgomery-busboikot gedurende die 1950's die Burgerregtebeweging in die Verenigde State suksesvol versterk het. (8)
**[50]**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar NIE meer as TWEE vrae in hierdie afdeling NIE.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

**VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM**

Verduidelik tot watter mate die taktieke en strategieë wat die Viëtkong teen die Verenigde State van Amerika gebruik het, suksesvol was om die verspreiding van kapitalisme in Viëtnam tussen 1965 en 1975 te bekamp. **[50]**

**VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO**

Onder die suksesvolle leierskap van Mobuto Sese Seko was die Kongo in staat om suksesvol te ontwikkel en polities en ekonomies te groei.

Bespreek die stelling hierbo krities en gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

**VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: SWARTMAGBEWEGING**

Die Swartmagbeweging was gebaseer op die filosofie dat Afro-Amerikaners hul eie lot en kultuur moes vorm. In die nastrewing van hierdie doel was hulle bereid om geweld te gebruik.

Stem jy saam met hierdie stelling? Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za

SA EXAM
PAPERS